Tema: Christus is God se laaste en belangrikste boodskap aan jou! Luister jy nog na Hom?

Lofsang met die oog op die erediens
Ps 19-3: 1, 3, 4
Sb 3-6: 1
Sb 14-3: 1, 4

Ontmoetingsdiens
Intreelied Sb 3-2: 1, 2, 3, 4 (Mel van Sb 18-6)
Votum
Seën
Sing Ps 33-1: 1, 5
Geloofsbelydenis: NGB art 10

Verootmoedigingsdiens
Wet – fokus op die 10 de Gebod; HK Sondag 44
Sing Sb 14-4: 1, 2, 3, 4
Gebed

Woorddiens
Skriflesing; Hebreërs 1: 1 - 4; Teksverse Heb. 1: 1 - 2.
Sing: Lied 168: 1, 2, 3 (kinders gaan na Kleuterbediening)
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes vir Diakonie (Groot boks) en by die deur vir GKSA Sustentasie (klein 2 boks)
Sing Ps 119-2: 22, 26, 27
Seën
Amenlied Sb 13–2

Geliefde brs en srs en kinders

Raak jy nog opgewonde oor Christus? Glo jy nog dat die Christelike geloof dié enigste antwoord op alle lewensvrae en lewensuitdagings is? Soek jy jou troos en krag by Christus of het iets anders dalk jou aandag begin trek. **Begin jy dalk - soos baie ander mense vandag - rondkyk na ander antwoorde**? Het die Bybel en die kerk sy bekoring vir jou begin verloor? Dalk is daar iets beters……?

Vir baie gelowiges het Christus en die Christelike geloof sy glans verloor. Dit bevredig hulle net nie meer nie! Hulle soek na iets meer of iets anders. Sommige voel dat Christus en die Bybel ŉ ou boodskap is wat nie meer vandag trefkrag het nie. Hulle voel dat die moderne lewe te ingewikkeld geraak het en vrae vra wat die Bybel nie meer kan antwoord nie. God praat nie meer in vandag se taal oor vandag se probleme nie!

Ander sê weer dat dit tog nie waar wees dat die moderne mens met al sy kennis, wetenskap, tegnologie en vaardigheid nie self ŉ bydrae kan lewer tot sy redding nie. Ek as mens moet tog ŉ bydrae kan maak, ek moet iets kan doen wat my verlossing kan bewerkstellig of my lewe en die mensdom se bestaan kan verbeter! Dit kan tog nie soos die Bybel leer dat alles in God se hand is nie. Ek wil self iets aan my verlossing en aan die wêreld doen!

Ander het bloot moed opgegee as gevolg van al die swaarkry in hulle persoonlike lewe en die ellende in die wêreld wat vir hulle te veel word. Hulle kan eenvoudig nie begryp hoe God swaarkry en seerkry en ellende kan toelaat en hoekom dit nooit goed kan gaan in hulle lewe nie! Hulle wil ŉ god hê wat nou alles kan beter maak en nie net ŉ beter lewe eendag na die dood belowe nie! Hulle is ontnugter deur die feit dat God nie vir hulle ŉ beter lewe gee nie!

Baie gelowiges verdraai die Bybelse boodskap om hulle eie begeertes en doelwitte te bereik. In die naam van die Bybel en geloof het hulle taal of kultuur of hulle materiele oorlewing hulle god geword. As iemand nie Afrikaans of wit is of deel van die middelklas is nie, is hy of sy ŉ bedreiging vir my lewe! Ek het nie tyd vir arm mense, vir sukkelende, werklose mense of mens wie se taal ek nie kan verstaan nie. My god is wit en praat Afrikaans. Vir ander is hulle god weer swart en ŉ god in wie se naam hulle alles mag verwoes wat goed en reg is omdat dit hulle toekom.

Ander glo eenvoudig net niks meer nie. Hulle wil van God en die Bybel en die kerk niks meer weet nie! Hulle is klaar met godsdiens en geloof in ŉ vreemde God!

Liewe brs en srs en kinders
Dit is van die redes waarom die kerk besig is om leeg te loop. Waarom mense nie meer in God of in die Bybel of in die kerk wil glo nie! Hulle beweeg weg na ander antwoorde. Of hulle glo net nie meer nie. .....

Ek wil twee metafore gebruik om die boodskap van die teks prakties te probeer illusteer. Eers ŉ metafoor vir ons jongmens:
Wys skyfie 1
Wat beteken hierdie simbole? Dit is die bekende simbool op my selfoon of rekenaar wat vir my wys hoe sterk die Wifi sein is waarmee ek op die internet ingeskakel is en wat bepaal hoe goed ek met die internet kan komminukeer. Hoekom raak die sein swak? Hoe verder ek van die Wifi "router" beweeg, hoe swakker word die sein en later is daar geen kommunikasie meer nie! Dit is wat met hierdie mense gebeur waarvan ek nou gepraat het. Hulle raak so ver van God af dat die "seine" van God al swakker word en hulle later nie meer met Hom kan komminukeer nie!

Wys skyfie 2
En nou ŉ metafoor vir ons ouer mense. Luister bietjie na hierdie klankgreep: wat is dit? .....Dit is iemand wat besig is om na ŉ radiostasie te soek nie waar nie? Beweeg tussen al die stasies rond totdat jy ŉ sterk sein ontvang en iets hoor waarvan jy hou en dan luister jy daarna! **Is dit nie wat besig is om te gebeur met baie mense en hulle "luister" na God nie?** Hulle is nie meer op God se stasie ingestel nie, hulle soek na iets anders om te luister. En soms sit hulle sommer maar die radio af – klaar geluister.

Geliefdes, die gelowiges aan wie die skrywer van die boek Hebreërs skrywe het ook so begin word. Hulle was Griekssprekende Jode wat tot bekering gekom het en in Christus geglo het. Hulle het heel waarskynlik in Rome gebly en was deel van ŉ gemeente daar. Hulle het so in Christus begin twyfel en gewonder of daar nie iets beters nie. Hulle het waarskynlik gelewe in die tyd van Keiser Nero toe hy die Christene in Rome so sterk vervolg het en hierdie gelowiges het baie swaar gekry.

Daarom het hulle begin twyfel. Hulle wou dalk terugval op die Joodse geloof waarvan hulle vroeër deel was. Hierdie teorie word versterk deur die feit dat Nero die Jode verduur het, maar die Chirstene gehaat het. Dalk wou hulle maar weer terug na die sinogoge en die Joodse geloof gaan want daar sou dit veiliger wees.

Omdat hulle sein begin verloor het, het hulle in hulle toewyding aan die Here en die gemeente begin taan! Hulle het na iets anders begin soek, hulle was moedeloos en het nie meer so toegewyd soos voorheen aan die Here Jesus gelewe nie.

Liewe br en sr, in die lig hiervan moet ons vanmore weer vir mekaar vra: Raak jy nog opgewonde oor Christus? Glo jy nog dat die Christelike geloof dié enigste antwoord op alle lewensvrae en lewensuitdagings is? Soek jy jou troos en krag by Christus of het iets anders dalk jou aandag begin trek. Begin jy dalk - soos baie ander mense vandag - rondkyk na ander antwoorde?

Het die Bybel en die kerk sy bekoring vir jou begin verloor? Is jy dalk al verveeld met die Bybelse boodskap – dis tog elke Sondag dieselfde????? Dalk is daar iets beters……?

Is dit dalk ook hoekom jy nie meer so toegewyd aan die Here leef soos jy dalk sou wou nie? Dat jou omgang met die Here, sy Woord en sy kerk iets geword het wat jy so net-net aan die gang hou? Net om darem nie te skuldig te voel nie. Jy voel so half lam en onwillig om enige iets op te offer vir die Here, jou naaste en die kerk. Jy voel dalk net moeg in jou geloof…..

Br en sr, hoor dan vanmore hoe God spesifiek met jou kom praat! Luister dan wat die Here spesifiek vir jou wil sê. Want die liefdevolle God praat steeds met jou! Hy gee jou die belangrikste boodskap van alle tye deur Jesus Christus. Hy gaan nie weer praat of iets anders sê nie! Hy het klaar gepraat! Hoor jy dit nog? Kom skakel weer in op Christus en hoor hoe God met jou praat! Daar is niks belangrikers of meer as Christus nie!

Vir die gelowiges in Hebreërs - wat vroeer Jode was en die Ou Testament baie goed geken het - begin die skrywer deur te sê dat God in die verlede – dit is in die Ou Testamentiense bedeling **– baie** keer en op **baie maniere** met die gelowiges deur die profete gepraat het. **Maar nou – in** die "laaste dae" **het God finaal en klaar gepraat in en deur Jesus Christus**. Die "laaste dae" is 'n tegniese term wat ons in die Nuwe Testament vind en dit dui op die tyd die koms van Christus tot die Wederkoms van Christus. Dus: in ons tyd!

Brs en srs, God praat intyds met ons! Dis soos 'n direkte uitsending! Soos die lidmate wat nou op 'n ander plek sit maar direk inskakel en kyk en hoor! God Hy praat vandag, nou! Die Bybel en die boodskap van Christus is nie iets wat oud en uitgedien raak nie! **Dis nie 'n opgeneemde video wat ons maar net oor en oor kyk nie**. Dis altyd nuut! Dis God se boodskap vir ons – nou, vandag! Hy praat nou! Met my en jou! Hy praat nou met die moderne mens in die moderne eeu!

Die openbaring wat God deur Jesus Christus vir ons gegee het, brs en srs, is God se finale en laaste praat! Al was die Ou Testamentiese bedeling maar iets soos 2000 jr en al is ons nou al langer as 20 eeue na Christus – dit bly God se boodskap vir ons! Dit bly die goeie evangelie van God se redding deur Jesus Christus, ons Here.

Ek hoor so baie dat mense vra: maar kon God nie nou al weer iets nuuts vir ons kom sê het nie? Moet ons nie maar net weer mooi soek op die radio of daar 'n ander stasie is waar God dalk 'n nuwe boodskap bring nie? Is die engele, of God se praat deur die natuur en die wetenskap nie dalk 'n nuwe boodskap nie?

Het die Heilige Gees nie vir ons 'n nuwe boodskap nie? Daar is gelowiges wat soek na 'n nuwe boodskap wat die Heilige Gees vir hulle persoonlik sou kom bring en wat anders klink as dit wat in die Bybel staan.

Nee, sê die Here vir ons vandag! (Wys skyfie 3)
Kom ons blaai na Heb 13: 8 en 9 toe: Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid. Moenie julle laat meevoer deur allerhande vreemde leringe nie"!

Die res van die Nuwe Testament bevestig dit!

(Wys skyfie 4) In Openbaring 22 lees ons: Christus is die Alfa en die Omega, die eerste en die laaste, die begin en die einde!" (wys skyfie 5) En oor die Heilige Gees leer die Here Jesus ons Joh. 16:13–15 (AFR1983)

[13]Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig. [14]Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig. [15]Alles wat aan die Vader behoort, behoort ook aan My; daarom dat Ek gesê het: Wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig."

Daar kom nie 'n nuwe boodskap waarop ons moet wag nie! Daar is nie 'n ander of beter Wifi router wat vir jou beter sein gaan gee nie! Dis Christus en Christus alleen - ook vir vandag – vir wat ek en jy in 2022 beleef en gaan beleef.

Liewe kinders, julle mag dalk al op skool gehoor het dat mense sê: maar alle godsdienste is gelyk en ewe goed! Of jy nou 'n Moslem is of jy in Afrika voorvadergeeste glo en of jy in niks glo nie – dis OK! Maak nie saak aan watter kerk jy behoort nie! Alles is goed!
Nee, kinders: hoor wat sê die Here vanmore vir jou: Daar is net een regte en goeie Wifi-sein en die sein wat God vir jou deur Jesus Christus stuur! God praat met jou deur Jesus en deur niemand anders nie!

Geliefdes, dis God se boodskap vir jou vanoggend! Christus is God se grootste, beste, duidelikste en laaste boodskap! Christus is God se liefdestaal aan jou! Ook vandag – net vir jou!

Dink mooi aan die wonderlike, troosvolle boodskap wat in hierdie teks staan: God is nie ver weg nie! Jesus is nie êrens in die hemel besig en het jou hier op aarde gelos nie! God praat met sy kinders, – deur al die eeue, in die Ou Testament, in die tyd toe Jesus op aarde was en ook vandag! Hy praat met jou! Christus is sy boodskap vir jou vanmore!

Daarom vra die Heilige Gees vir my en jou vanmore deur hierdie teks: Hoe dink ek oor God se boodskap deur Jesus Christus? Ek en jy moet vir onsself Christus herwaardeer! Ons moet opnuut besin oor hoe ons oor Hom voel in wie ons dan sê ons glo! Is Hy vir jou en my nog genoeg?

Miskien nog 'n dieper vraag vra: Glo ons regtig in Christus? Het jy Hom al regtig as God se praat met jou aanvaar en aan God se Woord vasgegryp in ware geloof? Was jy nie dalk tot nou toe maar net besig met die kerk of om godsdiens te beoefen nie?

Wie is Christus vir jou? Kan 'n mens dit in jou lewe sien? Hoe sterk is jou sein? Hoe naby is jy aan Jesus? Soek jy tussen die radiostasies of staan jou radio op stasie: Jesus Christus? Luister jy nog na Hom?

Amen